KRY NOU KALK

en betaal eers volgende jaar

ETIENNE SCHOEMAN, besturende direkteur: Grasland

Grasland bied nou aan produsente die spesiale aanbieding "Neem nou kalk en betaal eers Januarie 2017" teen geen addisionele koste bo en behalwe die fooi wat op aankope by landboumaatskappye gehef word nie.

Geen ander verskaffer kan jou hierdie uiters gewilde opsie bied nie. Geen rente word gehef tot en met einde Januarie volgende jaar nie. Klante wat gebruik wil maak van 'n twee- of drie jaar-kalkrekening kan ook van hierdie produk gebruik maak – waar geen rente gehef sal word tot en met einde Januarie volgende jaar nie. Daarna geld die betrokke voorwaardes van die betrokke kalkfinansieringsrekening.

Ons bied aan verskaffers 'n reeks innoverende produkte. Indien jou grond reeds oor hoë Mg-vlakke beskik, stel ons voor dat jy van ons kalsitiese kalk gebruik wat beskikbaar is by Britten, Buhrmansdrif en Lovedale.

Indien jou Mg-vlakke onvoldoende is, bied ons 'n reeks dolomitiese kalkprodukte wat beskikbaar is by Britten, Marico en Lovedale.

Die maatskappy bied ook 'n 40% $MgCO_3$ -produk vir uiters lae Mg-gronde vanaf Lovedale. Verder bied ons ook die baie gewilde Grasstop 20-reeks aan verskaffers.

Grasstop 20 is 'n mengsel van 20% gips en dolomitiese of kalsitiese kalk. Die produk is veral gewild by produsente met besproeiing en ernstige ondergrondsuurheidskwessies. Die ondergrondsuurheid word aangespreek deur die wateroplosbare gips-gedeelte wat deur die profiel beweeg. Die teenwoordigheid van Ca/Mg-ione werk die katioonverarmingseffek teë, wat voorkom wanneer gips alleenlik toegedien word.

Grasland is een van die min verskaffers wat nie skaam is oor die kwaliteit van sy produkte nie. Daarom publiseer ons geanaliseerde kalsiumkarbonaatekwivalent (KKE) (hars)-analises van al ons kalkprodukte. Die KKE(hars)-laboratoriumanalise is die enigste ware indikator van reaktiwiteit van kalk in grond.

Moenie om die bos gelei word met KKE (HCL)-waardes nie – dit is slegs 'n aanduiding van chemiese samestelling en nie 'n aanduiding van reaktiwiteit nie. "Berekende KKE(hars)-waardes" is om dieselfde rede nutteloos.

Hier is Grasland se geanaliseerde KKE(hars) -analises: Britten-kalsiet 65, Britten-dolomiet 72, Buhrmansdrif-kalsiet en voerkalk 75 en Marico-dolomiet 69.

Meer reaktiewe kalkprodukte sal hoër KKE(hars)-waardes hê. Behalwe die deeltjiegrootte en kristalstruktuur van die kalk, is daar is verder geen verband tussen die KKE(HCL) en reaktiwiteit van die kalk in grond nie.

Vra dus die vrae indien verskaffers nie KKE(hars)-analises beskikbaar wil stel nie of wat gebruik maak van 'n "berekende KKE(hars)-waarde".

Vir elke groot bestelling doen ons baie moeite, soos byvoorbeeld om op 'n tenderbasis die beste vervoertarief moontlik vir die produsent te kan gee. ■

Grasland bied 'n reeks innoverende produkte en is nie skaam oor die kwaliteit van ons produkte nie.